**Oefening: In die Ritme van die Kruis (Geloofsgewoonte op grond van die teks)**

1. Identifiseer 'n verhouding waarin jy tans is. Wat is jou posisie in die verhouding? Beskryf dit.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________.

2. Oor watter vermoë, mag of bronne beskik jy in hierdie verhouding wat aan jou gegee is vanweë jou posisie?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________.

3. Wat van dit waaroor jy beskik kan jy gee (ontledig) ter wille van die ander persoon?

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________.

Gee met selfde gesindheid as Jesus

ATLETE VIR CHRISTUS

40 jaar reünie

# BYBELSTUDIE



**Die Bybelstudie op die 40ste toer van Atlete vir Christus was uit Filippense. Ons het op die 8ste dag tussen Steynsburg en Aliwal-Noord hierdie bybelstudie gedoen.**

# Navolgers van Christus in die ritme van die kruis

Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is.

- Filippense 2 v 5-9 (1983 Afrikaanse vertaling)

## Jesus ontledig Homself en word deur God verhoog

Hierdie lied word in twee dele verdeel: Jesus Christus se ontlediging (2:6-8), en sy verhoging (2:9-11). In albei gevalle word dit trapsgewys beskryf. Jesus het Homself ontledig (kenosis) deur eerstens nie aan sy Goddelike gestalte (morphe) vas te klou nie; tweedens deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word, en derdens deur gehoorsaam te wees tot in die dood aan die kruis. Omgekeerd is Jesus verhoog eerstens deurdat God Hom tot die hoogste eer verhef het; tweedens deurdat God aan Hom die Naam bo elke naam gegee het, en derdens deurdat die hele kosmos erken dat Hy Here is.

## Jesus wys dat Hy God is deur Homself ten volle te gee (kenosis)

In die oorspronklike Griekse teks begin Filippense 2:6 met die woord hoewel. "Hoewel Hy in die gestalte van God was ..." Dit kan egter ook vertaal word met omdat. "Omdat Hy in die gestalte van God was, het Hy sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder (ekenôsen) deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word." Hierdie baie ou lied gee daarom aan ons nie net 'n nuwe perspektief op wie Jesus is nie; dit gee ook vir ons 'n nuwe verstaan van God self. Christus se selfontlediging is nie iets wat áán Hom gedoen is nie. Dit is deel van sy identiteit. Deur Homself te ontledig en mens te word, het Hy nie van sy Goddelikheid afstand gedoen of dit ontken nie, maar daardeur juis gewys dat en hoe Hy inderdaad God is (Gorman, 2009:24). Goddelikheid is om te gee, nie om te ontvang nie – "not getting but giving" (Moule). Jesus het sy posisie as God tot voordeel van die mensdom en die skepping gebruik, anders as Adam wat sy posisie as beelddraer van God misbruik en gekies het om selfsugtig die vrug te eet "om soos God te word". In 2 Korintiërs 8:9 dra Paulus dieselfde gedagte oor deur die metafoor van ryk-arm te gebruik om die proses van selfontlediging te beskryf: "Hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word."

## Die kruis trek die gordyn op die heerlikheid van God oop

Die kruis is 'n teofanie, 'n Godsverskyning, 'n openbaring van wie God werklik is, die Een wat Homself volledig gegee het vir die verhoudings waarin Hy staan. Hy klem nie vas aan wie Hy is nie, maar oefen sy Goddelikheid uit deur Homself af te lê. Die kruis is soos 'n deurskynende gordyn waardeur ons die heerlikheid van God se majesteit kan raaksien (Gorman, 2009:28). Dit is interessant dat Paulus Christus se kruisdood nie aan die mensdom se sonde verbind nie (Fil 2:8; anders as in bv 1 Kor 15:3); trouens, hy gebruik die woord sonde nêrens in hierdie brief nie. Die kruis is vir Paulus eerder die belangrikste metafoor wat Christus se lewe en identiteit beskryf, waardeur hy dan ook vir gelowiges 'n kragtige voorbeeld gee om na te volg. Kenosis is nie dood vír die sonde (Christus) of dood ván die sonde (gelowiges) nie, maar 'n aktiewe manier om selfopofferend te leef. Dit beteken ons kan selfs die missio Dei – die uitstuur van God na hierdie wêreld – nie net verstaan as 'n triomfantelike openbaring van wie God is nie, maar ten diepste as 'n selfontledigende en selfopofferende verhouding met ander waarin God vir ander sigbaar kan raak.

## God is kruisvormig

Paulus se beskrywing van Jesus Christus se selfontlediging lê 'n implisiete verband met die beskrywing van die lydende dienaar in Jesaja 40 – 55. Dit laat ons besef: "The suffering servant is one with the universal Lord, and the universal Lord is one with the suffering Servant" (Gorman, 2009:31). Die ervaring en spiritualiteit van die kruis is 'n ervaring en die spiritualiteit van God self (Gorman, 2009:1). God is kruisvormig (cruciform). Om Godgelykvormig te leef beteken daarom om deel van God se kruisvormigheid te wees. Dit is wat theosis beteken: nie om Goddelik te raak nie, maar om soos God te word. Paulus stel dit soos volg in Filippense 3:10-11: "deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood" (vgl 2 Pet 1:4: "deel kry aan die Goddelike natuur"). God se krag kom hierdeur glashelder na vore as 'n krag in swakheid, presies soos Paulus in sy tweede brief aan die Korintiërs geskryf het (2 Kor 4 – 5). Kenosis is theosis: in selfontlediging sien ons God die heel beste raak.